



Artikel 24

ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake daarvan dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; intendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan (Galasiërs 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het.

Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.

Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien?

Veeleerder is ons die goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filippense. 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: `...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen' (Lukas 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawe bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.

Die volgende agtergrond moet duidelik gemaak word: Na al die verskillende perspektiewe op die genade wat God in liefde oor ons uitgestort het, kom ons nou by die reaksie van die mens. Dit is goeie werke - heiliging van die mens wat onder

die loep geneem moet word. God het ons in Christus vergewe, ons is nie meer skuldig aan sonde nie. Nou begin die lang proses van heiligmaking. Dit beteken die afsterwe van die ou mens en die inoefen van die nuwe werklikheid. Ons kan hierdie proses begin sonder enige vrees van oordeel. Ons gehoorsaam God se Wet met ander woorde nie uit vrees of in angs nie. Ons gehoorsaam God se Wet met geruste, dankbare harte.

Ons is gehoorsaam in - en uit dankbaarheid, nie om meer geregtigheid te verdien nie en ook nie om heiliger te word nie. Ons gehoorsaamheid aan die Wet is die resultaat van 'n radikale nuwe dimensie wat deur God se genade oopgemaak is. Ons word in Christus deur God as regverdiges gereken. Ons saak met God is "reggestel". Jesus se gehoorsaamheid aan die Wet het tot gevolg gehad dat ons ewig as regverdiges gereken sal word. Luther se *'simul justus et peccator'* bring perspektief op die situasie. Ons is regverdig, en tog is ons in hierdie bedeling steeds sondaars. Ons heiliging word 'n lewe van die ou mens afsterf en die nuwe lewe ingaan. Die sondige gewoontes word dwarsdeur ons lewens 'verswak' en die nuwe menswees 'versterk'. Die heiliging van ons lewens is die logiese, noodwendige gevolg van die feit dat Jesus se gehoorsaamheid ons regverdig voor God gemaak het.

'n Blik op Galasiërs 5:19-23 sal dit duidelik maak: *"Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid,*

naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie."

Aan die een kant is daar die mens vasgevang in sonde, 'n mens wat in al hierdie gewoontes verval is. Dit is alles dinge wat ons moet afsterf. Sommige van die menswees-gewoontes is makliker as ander om te verloor. Tog word alle sondes en oortredings op gelyke voet gestel en daarom moet ons al hierdie dinge afleer. Daar is nie groot sondes en klein sondes nie, geen wit leuens nie, net sonde. Aan die positiewe kant is daar sake wat ons tog weet by geleentheid in ons eie lewens waar is. Ons moet hierdie twee sake net reg verstaan. Ons moet besef dat ons ons sondige natuur moet afsterf. Dit is 'n proses wat lewenslank nagestreef word en nooit voltooid kan wees nie. Die eenmalige, onmiddellike van God se genade kom na vore in die vrugte van die Gees wat in ons lewens sigbaar word. Dit is ook sake wat ons telkens moet nastreef. Ja, genade is eensklaps, finaal, heiliging is 'n lewenslange onvoltooide proses.

Dit is nie moontlik om onaangeraak of ongeërg te lewe sodra jy besef dat jy as sondaar regverdig verklaar is nie. Die stryd teen die sonde is 'n normale en noodwendige deel van elke gelowige se lewe. Geen wonder nie dat Paulus in

Romeine 7 uitroep “*ek ellendige mens*”. ONS MOET INDERDAAD bekommerd wees indien ons ongeërg is oor ons eie lewens se doen en late, of oor sake van geloof.

Wat is die rol en plek van goeie werke in ons lewens? Wat bedoel ons dan eintlik onder die heiliging van ons lewens? Hoe sentraal is piëteit tot die gelowige se lewe? Is dit genoeg om te doen wat 9ons dink) Jesus sou doen (WWJD)? Waar moet ons lewe, waar moet ons geloof uitlewe? Hoe moet ons geloof uitlewe? Moet ons terugtrek in die kloosters van private geloof of moet ons naby aan die dweep-klok besig wees? Wat is die verhouding tussen heiliging en wedergeboorte? Die **vetgedrukte** gedeeltes is die bewoording van Artikel 24 van die NGB, *kursief gedrukte* gedeeltes is aanhalings.

ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE

Reeds in die opskrif van die artikel word daar ‘n duidelike band gelê tussen heiligmaking en goeie werke. Goeie werke word nie aan regverdiging, redding of dergelike sake gekoppel nie. Ons moet verstaan dat heiligmaking en goeie werke nou verbind is aan mekaar.

Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word

Die ware geloof wat hier ter sprake is, is die geloof soos reeds uitgestippel in die vorige artikels. Dit is ook goed dat ons telkens daaraan herinner word dat ons die voorreg het om waarlik te glo, dat ons glo in die Waarheid en dat daar net een geloof is wat waar is. Daarmee saam is dit

nodig om net weer te beklemtoon dat geloof as Christen beteken dat ons getrou moet bly aan die Openbaring wat ons tot ware geloof gebring het. Daar is met ander woorde mense wat deur ander en hulself as Christene beskryf word, maar die ware geloof agtergelaat het, verloën het of net nooit ontvang het nie. Taalgebruik is altyd belangrik om op te let, veral in hierdie gedeelte. Die leser moet besef dat selfs wanneer dit gaan oor goeie werke, die mens se eie prestasie nie ter sprake kom nie. Dit is nie die mens wat geloof ontdek nie, dit is geloof wat in die mens voortgebring word. Dit is nie die mens wat outeur van ware geloof is nie, dit is God wat mense se geloof voortbring. Sekere tekens is aanduidend van die uitleef van ware geloof.

deur die hoor van die Woord van God

Die eerste saak wat beklemtoon word, is dat geloof onlosmaaklik gekoppel is aan die hoor van God se woord. Een van Fransiscus van Assissi se bekende spreuke was: “*Verkondig ten alle tye die Evangelie, en as dit nodig is, gebruik woorde.*” Dit klink na mooi woorde, maar die praktiese implikasie daarvan is dat geloof ook kan kom tot diegene wat net die voorbeeldige lewe van ‘n vroom mens gade slaan. Dit is egter nie moontlik om na mense te kyk en tot geloof in God te kom nie. Die verkondiging van die woord is sentraal tot geloof voortbring in die mens. Dit is nie in kyk na mense nie, maar in die aanhoor van die Evangelie dat mense tot geloof kom.

en deur die werking van die Heilige Gees,

Selfs die mees welsprekende prediker se beste pogings sal van geen waarde wees

indien die Heilige Gees nie geloof in die mens wat hoor, wek nie. Dit is die Heilige Gees wat die mens bereid maak om te luister, wat maak dat mense se harte oop sal wees vir die Woord van lewe. Die Heilige Gees is met ander woorde klaar besig om te werk in die een wat tot geloof kom. Die Charismate wat dan die Gees na geloof wil stel, verstaan nie die sentrale rol wat die Heilige Gees speel in mense se bekering nie. Die *ordo salutis* (heilsorde) is nie bekering en dan ontvangs van die Heilige Gees nie. Die Gees kom in die mens in en oortuig die mens. Om te bely dat jy glo, is ook om te bely dat die Heilige Gees in jou werksaam was en is. Die grootste gawe van die Gees is geloof!

dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak,

Die mens wat deur die Gees tot geloof gebring is, word dan 'n wedergeborene. Die Here maak in genade die sondaar tot geregverdigde. In geloof is ons wedergeborenes, en is ons reeds deel van God se nuwe bedeling. Die volgorde is belangrik. Ons wedergeboorte is dieselfde as ons bekering. Om tot geloof te kom, is om bekeer te wees, is om wedergebore te wees. Wedergeboorte is nie die beloning vir ons geloof nie. Die NGB praat oor wedergeboorte en die nuwe mens in passiewe taal, dit wil sê die mens is ontvanger van dit wat gebeur, nie die akteur wat aan die stuur van sake is nie.

hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry.

Hierdie nuwe geboorte werk na twee kante toe. Na die een kant begin die gelowige 'n nuwe lewe lei. Na die ander

kant is die mens bevry van die verslawing van die sonde. Dit beteken nie dat die mens totaal van sonde ontslae is nie. Die nuwe mens is dood vir die sonde, lewe in Christus op so 'n manier dat ons die goeie dade doen waarvoor ons bestem is; Efesiërs 2:10 "*Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*" Ons nuwe menswees lewe in die begeerte om God welgevallig te wees in vertrouwe dat God se beloftes waar sal word en te stry teen die sonde, om die te sonde haat. Daar is nie vlakke van gelowige wees nie; daar is nie groot en klein Christene nie. Bevry van die sonde is alle gelowiges besig met hierdie **nuwe lewe.**

Jesus se kruisdood het die mag van sonde gebreek, dit word beklemtoon deur Sy opstanding. Ons wedergeboorte maak ons lewend in Christus, sonder die magsgreep waarin ons onder die sonde was. Tog woon die sonde steeds in ons en ervaar ons steeds die stuipgrepe van die sonde. Om dit te verduidelik: Die sondeval het die hele skepping onder die oordeel van God gebring. God het daarna die verganklikheid oor in die onverganklike skepping laat heers sodat die mens nie vreemd as (toe) verganklike binne 'n onverganklike bedeling bestaan nie. (Romeine 8:20-21 "*want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.*") Met die opstanding is die sonde se mag verslaan. Die nuwe

bedeling het egter nie ten volle aangebreek nie, dit sal geskied met die wederkoms. Die sonde se mag is gebreek, maar die sonde woon steeds in ons. Waar ons voorheen slawe van die sonde was, is ons nou in die posisie dat ons 'n nuwe pad mag stap.

Op hierdie nuwe pad wat ons mag bewandel is daar drie vyande wat teen ons veg; die vlees, die duiwel en die wêreld. Ons word so maklik deur ons vlees oortuig dat ons geen ander keuse het nie. Dit voel soms asof die sonde op ons spoor is soos die hongerpyne die mens wat vas, agtervolg. Die duiwel maak met welluidende argumente ons wys dat hy en die sonde heers. Die wêreld laat dit lyk asof die Here nie oorwin het nie. Al drie hierdie vyande maak staat op ons

waarnemings en ervarings, maar al drie is mirages. Net soos die man in die woestyn sy ondergang vol tegemoet gaan; indien hy die lugspieëling en hersenskimme glo, net so moet ons hierdie drie vyande ken vir wat hulle is. Hulle is die laaste stuiptrekkings van 'n bedeling wat reeds oorwin is.

Ons worstelstryd met sonde is nie 'n rede om te twyfel in God nie. Ons worstelstryd is 'n ware teken dat God aan die werk is in ons lewens. Die ongelowige gaan tog nie worsteling ervaar oor sonde nie. Hierdie worsteling gaan ons lewe lank met ons bly omdat ons nooit by die punt kan kom waar ons nie meer God se genade nodig het nie.